# NASIENRIGLYNE

| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2024 |
| **VAK** | AFRIKAANS HUISTAAL |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTETOTAAL** | 70 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 2 |
| **AANTAL BLADSYE** | 12 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

# AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

### Nasien van die leesbegrip:

- Die fokus is op die begrip van die leesteks. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.)
- Indien die kandidaat woorde uit ’n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Vir **oopvrae** word geen punte toegeken vir JA / NEE / EK STEM SAAM / EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Geen punte word vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING toegeken nie.
- Waar eenwoordantwoorde gevra word en die kandidaat ’n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee ’n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar by meervoudigekeusevrae BEIDE die ooreenstemmende letter met die korrekte antwoord EN/OF die volledige, uitgeskryfde antwoord.

© SACAI KOPIEREG

**VRAAG 1**

**TEKS A: ARTIKEL**

| | | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 1.1 | <u>Lig</u> – <u>donker</u>. / <u>Lig</u> in die <u>donker</u>. √<br>*Die kandidaat moet albei kante vir EEN punt aandui.* | (1) | 1 |
| 1.2 | 1.2.1 (Om die) koue wintermaande √ en onvoorspelbare beurtkrag √ (vry te spring.) | (2) | 2 |
| | 1.2.2 Dit is omgewingsvriendelik / betroubaar / die beste manier om te sê basta met beurtkrag en die agteruitgang van ESKOM. √ √<br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | (2) | 1 |
| 1.3 | Tegnologiese vooruitgang (van die afgelope paar jaar) het dit moontlik gemaak. √ (<u>Lening en finansiering</u> = X) | (1) | 3 |
| 1.4 | ’n Uiteensetting/bespreking van ’n sonkragstelsel volg ná die vraag. / Gee ’n gepaste beskrywing in die teks. / Om mense te laat verstaan wat ’n sonkragstelsel is. √ | (1) | 4 |
| 1.5 | Die wisselrigter neem die gelykstroomelektrisiteit van die sonpanele en laai die batterye. √<br>*Die kandidaat bied albei antwoorde vir EEN punt aan.* | (1) | 1 |
| 1.6 | Hy/sy moet eers sy/haar energieverbruik ondersoek / kyk na kragverbruik / kyk hoeveel krag jy gebruik √ <u>en dit oorweeg om die potensiële doeltreffendheid te verbeter soos om normale ligte met *LED’s* te vervang</u>. √ | (2) | 3 |
| 1.7 | 1.7.1 Die leser / die huiseienaar / ek / die persoon wat die teks lees. √ | (1) | 3 |
| | 1.7.2 Ja. Huise het verskillende grootte oppervlaktes. / Hang af hoe groot die huis is. √ *Of soortgelyk*<br>*Die kandidaat bied ’n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie ’n NEE-antwoord aanbied nie.* | (1) | 3 |
| 1.8 | ’n Geiser en stoof gebruik geweldig baie krag. √ | (1) | 2 |
| 1.9 | Besparing op krag / ’n stelsel wat homself betaal / ’n groot opbrengs op ’n belegging / hoër eiendomswaarde / huis verkoop vinniger. √ √<br>*Enige twee.* | (2) | 1 |
| 1.10 | **Ja**. Die ligging/helling/grootte/van die dak/skadu/(rigting van die) son op die dak moet in gedagte gehou word. √√√ (<u>Skewe dak</u> = X)<br>*Enige drie. Motivering bepaal die punt.* | (3) | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.11 | **Ja**. As jy nie die sonpanele in stand hou nie, gaan jy baie skade ly. √<br>*Of soortgelyk. Motivering bepaal die punt.* | (1) | 4 |
| 1.12 | Jy kan jou sonpaneelstelsel met ’n lening finansier / finansier deur toegang tot ’n huisverband/kontant. √√ *Enige twee.* | (2) | 3 |
| 1.13 | **Ja**. As jy in ’n kompleks woon, moet jy toestemming (by die beheerliggam) verkry √ en netwerktipestelsels moet by ’n munisipaliteit geregistreer word. √ (<u>Eienaar</u> = x)<br>*Motivering bepaal die punt.* | (2) | 3 |
| 1.14 | • Die elektrisiteitskrisis gaan nie opgelos word nie. Daar is te veel korrupsie/diefstal/oneerlikheid.<br><br>• Die elektrisiteitskrisis gaan opgelos word. Daar is talle privaat instansies wat nuwe kragstelsels ontwikkel. √<br>*Of soortgelyk* | (1) | 5 |

**EN**

**TEKS B: VISUELE TEKS**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.15 | Elektrisiteit – lantern – kers – vuurmaak. √<br>*Al vier moet genoem word en in hierdie volgorde wees.* | (1) | 4 |
| 1.16 | **Ja**. Die bril en kleredrag (behalwe die kleredrag van die vierde persoon, alhoewel dit dieselfde persoon is) dui daarop dat dit dieselfde persoon is. √<br>*Die kandidaat bied ’n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie ’n NEE-antwoord aanbied nie.* | (1) | 3 |
| 1.17 | 1.17.1 In 1994 was daar geen probleme met elektrisiteit nie en in 2024 is daar bykans geen elektrisiteit meer nie. / Die pyl dui die agteruitgang van ESKOM aan. / In 1994 was daar lig en in 2024 is daar donkerte. √<br>*Of soortgelyk*<br><br>1.17.2 (1994) Elektrisiteit/lig/krag – (2024) duisternis/donker/nag. √<br>*Of soortgelyk* | (1)<br><br>(1) | 4 |
| 1.18 | Agteruitgang. √ | (1) | 1 |
| 1.19 | Sonpanele / Sonkrag. √ *Enige een* | (1) | 1 |
| | | | **[30]** |
| | | | **TOTAAL AFDELING A: [30]** |

| **Vlakke** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Punte | 7 | 5 | 12 | 5 | 1 | 30 |
| % | 12 (40%) | | 12 (40%) | 6 (20%) | | 100% |

# AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

### Nasien van die opsomming:

- Die nasien van die opsomming word baseer op die insluiting van die relevante feite in die teks wat met die vraag ooreenstem.
- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van ’n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hulle eie sinne, in ’n logiese volgorde, skryf, maar die volgorde is nie verpligtend volgens die teks nie.
- Slegs feite wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

### Punte word soos volg toegeken:

- ✓ **7** punte vir 7 feite (Een punt per hooffeit)
- ✓ **3** punte vir taal
- ✓ Puntetotaal: **10**

### Verspreiding van taalpunte as die kandidaat <u>nie</u> woordeliks aangehaal het nie.

- ✓ **1 – 3** feite korrek: ken **1** punt toe.
- ✓ **4 – 5** feite korrek: ken **2** punte toe.
- ✓ **6 – 7** feite korrek: ken **3** punte toe.

### Verspreiding van taalpunte as die kandidaat <u>woordeliks aangehaal</u> het:

- ✓ **6 – 7** aanhalings: ken **geen** punt vir taal toe nie.
- ✓ **4 – 5** aanhalings: ken ’n maksimum van **1** punt vir taal toe.
- ✓ **2 – 3** aanhalings: ken ’n maksimum van **2** punte vir taal toe.

### LET WEL:

Tel van woorde:

- Indien die formaat verkeerd aangebied word, moet die antwoord steeds nagesien word. Die kandidaat verdien geen punt vir TAAL nie.
- Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
- Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
- As die getal woorde oorskry is, lees tot by die laaste sin waarin die getal woorde oorskry word en ignoreer die res van die opsomming.
- Korter opsommings wat die vereiste aspekte bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

© SACAI KOPIEREG

| Vlakke | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Punte | | 4 | | 4 | 2 | | 10 |
| % | | 40% | | 40% | 20% | | 100% |

**MOONTLIKE PARAGRAAF**

**PARAGRAAFVORM**

Sorg dat jy die gimnasium se oefentoerusting deeglik skoonmaak voordat dit gebruik word. ✓ Dra onder- of boklere wanneer jy die sitplekke in saunas of elders in die gimnasium gebruik. ✓ Gimnasiumtoerusting behoort met alkoholgebaseerde handreiniger ontsmet te word nadat jy daaraan gevat het. ✓ Dit is belangrik dat jy met plakkies stort. ✓ Koop jou eie plastiekstortmatjie wanneer jy die stort gebruik. ✓ Moenie ’n ander persoon se handdoek gebruik nie. ✓ Ontsmet eers jou hande voordat jy aan jou ander voet raak as die een voet reeds voetskimmel het. ✓

[86 woorde]

**OF**

| AANHALING UIT TEKS | | MOONTLIKE BEWOORDING | |
|---|---|---|---|
| 1 | Maak die oefentoerusting in die gimnasium behoorlik skoon voordat jy dit gebruik. | A | Sorg dat jy die gimnasium se oefentoerusting deeglik skoonmaak voordat dit gebruik word. ✓ |
| 2 | Jy behoort ook eerder jou onder- of boklere aan te hou wanneer jy in saunas of elders in ’n gimnasium rondsit. | B | Dra onder- of boklere wanneer jy die sitplekke in saunas of elders in die gimnasium gebruik. ✓ |
| 3 | Dit is belangrik om steeds enige gimnasiumtoerusting met alkoholgebaseerde handreiniger te ontsmet nadat jy daaraan gevat het. | C | Gimnasiumtoerusting behoort met alkoholgebaseerde handreiniger ontsmet te word nadat jy daaraan gevat het. ✓ |
| 4 | Dra plakkies in die gimnasium as jy stort. | D | Dit is belangrik dat jy met plakkies stort. ✓ |
| 5 | Koop vir jou ’n plastiekstortmatjie net vir jou gebruik wanneer jy stort. | E | Koop jou eie plastiekstortmatjie wanneer jy die stort gebruik. ✓ |
| 6 | En los maar die gewoonte om jou vriend/vriendin se handdoek te leen. | F | Moenie ’n ander persoon se handdoek gebruik nie. ✓ |
| 7 | Wees versigtig om nie aan jou ander voet te vat voordat jy nie jou hande ontsmet het nie. | G | Ontsmet eers jou hande voordat jy aan jou ander voet raak as die een voet reeds voetskimmel het. ✓<br><br>[86 woorde] |

**TOTAAL AFDELING B: [10]**

## AFDELING C

### TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES (VRAAG 3 – TEKS D)

| | | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 3.1.1 | Naturehike √ (*Aanhalingstekens is aanvaarbaar.*) | (1) | 1 |
| 3.1.2 | Die naam **Naturehike** verskyn in die advertensie. / Die advertensie se logo is **Naturehike**. / **Naturehike** adverteer hierdie produkte. √ *Enige een* (Mense wat reis = x) | (1) | 1 |
| 3.2 | Kampeerders / Avonturiers / Persone wat lief is vir die buitelewe / Stappers √ *Enige een of soortgelyk* | (1) | 2 |
| 3.3.1 | Foto's/sketse van kamptoerusting / die stappers / kampvuurtjie / die kremetartboom. √ *Enige een* | (1) | 1 |
| 3.3.2 | Dit maak die advertensie aanloklik/aantreklik. Die advertensie trek dadelik die leser se aandag. √ *Enige een of soortgelyk* | (1) | |
| 3.4 | Vakansieatmosfeer / Ontspanne atmosfeer / Kampatmosfeer / Rustige atmosfeer / Gemak / Opwinding / Vryheid. √ *Enige een of soortgelyk* (Natuurlike atmosfeer = X) | (1) | 3 |
| 3.5 | **NEE**. Dit is asof die leser die wildernis direk "aanspreek". / Dit maak die sin baie meer persoonlik. / Dit is 'n gesprek met die wildernis. *Of soortgelyk* *Motivering bepaal die punt.* √ JA is nie 'n opsie nie. | (1) | 4 |
| 3.6.1 | Werkwoordvormer √ | (1) | 3 |
| 3.6.2 | Het jy die persoon herken? √ *Of soortgelyk* | (1) | |
| 3.7 | Die woorde "jy" en "jou" skep 'n ontspanne/persoonlike/informele atmosfeer. / Met die woorde "jy" en "jou" is dit asof die leser deel is van die advertensie. / Die woorde "jy" en "jou" nooi die leser as't ware uit om deel van die buitelewe te wees. / Die advertensie praat met die leser. √ *Enige een of soortgelyk* (Dit skep 'n illusie = X) | (1) | 4 |
| | | | **[10]** |

**EN**

© SACAI KOPIEREG

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

**TEKS E**

| | | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 4.1.1 | Dit is vloek-/kras-/kragwoorde. / Taalgebruik wat nie in goeie geselskap hoort nie. / Onaanvaarbare taalgebruik. √<br>*Enige een of soortgelyk* | (1) | 4 |
| 4.1.2 | Die uitroepteken druk woede / ontsteltenis / 'n sterk emosionele gevoel uit. / Hard uitgeroep/praat. / Ben is gefrustreerd. √<br>*Enige een of soortgelyk* | (1) | |
| 4.2.1 | Hulle beklemtoon wat hulle wil sê. / Hulle wys na die persoon met wie hulle praat. / Hulle betrek die leser by die gesprek. / Hulle praat met mekaar. √<br>*Enige een of soortgelyk* | (1) | 4 |
| 4.2.2 | In Raampie 3 val die fokus op Babsie omdat sy nou alleen aan die woord is. / Dit is haar spreekbeurt. / Sy praat met haar man. √<br>*Enige een of soortgelyk* | (1) | |
| 4.3 | In al twee raampies is hy ewe ontsteld/kwaad/nors/woedend. / Daar is geen verskil in sy gesigsuitdrukking nie. √<br>*Enige een* | (1) | 3 |
| 4.4 | Pakkie (<u>moet genoem word</u>) √ en <u>droëwors</u> en <u>biltong</u>. √<br>*Al twee moet genoem word.* (Net <u>droëwors / biltong</u> = X) | (2) | 2 |
| 4.5 | Daar is niemand met wie Ben kan praat nie. / Hy is op pad poskantoor toe. / Hy is haastig. / Hy wil nie praat nie. √<br>*Of soortgelyk* | (1) | 3 |
| 4.6 | Is die pakkie nog nie hier nie? / Is die pakkie nie al hier nie? √ | (1) | 1 |
| 4.7 | • Die poskantoorbeampte het die blitong en droëwors gesteel / geëet / vir haarself gevat.<br>• Haar tande is a.g.v. die taai eetgoed gebreek. √ | (1) | 3 |
| | | | **[10]** |

## VRAAG 5

## TEKS F

| | | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 5.1 | • Die kinders se harte is <u>gebroke</u> omdat hulle hondjie dood is. √<br>*Of soortgelyk*<br><br>• Figuurlike betekenis √ | (2) | 3 |
| 5.2 | D / bywoordelike bysin √ | (1) | 3 |
| 5.3 | Kinders – ki<u>nn</u>ers √ (Die woord "kinders" en die assimilasie – "kinners" – moet aangedui word.) | (1) | 3 |
| 5.4 | 5.4.1 deur √<br><br>5.4.2 voorsetsel √ | (2) | 2 |
| 5.5 | **Ja**. Die basisvorm van die woord is <u>digitaal</u>. Die "e" is die postmorfeem/agtervoegsel/suffiks. √<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | (1) | 3 |
| 5.6 | **<u>DIE VRAAG WORD NIE IN AG GENEEM NIE</u>**.<br>(Kyk na tabel na <u>Vr. 5.7</u>) | (2) | 1 |
| 5.7 | Die werkers grou <u>vore</u>. √<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | (1) | 3 |
| | | | **[10]** |

| **<u>Punt uit 8</u>** | **PUNT UIT 10** |
|---|---|
| **1** | **1** |
| **2** | **3** |
| **3** | **4** |
| **4** | **5** |
| **5** | **6** |
| **6** | **8** |
| **7** | **9** |
| **8** | **10** |

**TOTAAL AFDELING C: [30]**

**GROOTTOTAAL: [70]**

© SACAI KOPIEREG 

| **Vlakke** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Punte | 7 | 5 | 12 | 6 | 0 | 30 |
| % | 12 (40%) | | 12 (40%) | 6 (20%) | | 100 |

| **Vlakke** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Afdeling A** | 7 | 5 | 12 | 5 | 1 | **30** |
| **Afdeling B** | | 4 | 4 | 2 | | **10** |
| **Afdeling C** | 7 | 5 | 12 | 6 | 0 | **30** |
| **Totaal** | **14** | **14** | **28** | **13** | **1** | **70** |
| **%** | **40%** | | **40%** | **20%** | | **100%** |